



WYN- EN SPIRITUSRAAD VAN SUID AFRIKA

Skema vir Geïntegreerde Produksie van Wyn

Geïntegreerde Produksie van Wyn: Riglyne vir Kelders en Botteleringsfasiliteite

Uitgawe 12 : November 2022

Opgestel deur *LNR Infruitec-Nietvoorbij* en *Enviroscientific*
In samewerking met die Wingerd- en Wynbedryf

Die inherente kwaliteit van duiwe wat spruit uit die genetiese eienskappe van die kultivar en die toepassing van die IPW-riglyne vir die plaas, kan ongedaan gemaak word deur verkeerde oes-, wynbereidings- en botteleringsprosedures. Suksesvolle wynbereiding en hantering vereis groot kapitale insette en hoë kwaliteit mannekrag. Aksies soos verkeerde aanwending van apparate en chemikalieë, kwistige gebruik van water en elektrisiteit en die storting van afvalprodukte in die natuur werk negatief in op die omgewing en op die beeld van wyn. Hierdie prosesse moet dus die beginsels van IPW deurvoer tot die finale produk.

Die kelder en onmiddellike omgewing moet 'n beeld van omgewingsvriendelike en voedselveilige produksie uitdra. Wynproduksie sal volgens die onderstaande riglyne beoordeel word om te bepaal of wyn as IPW wyn kwalifiseer. Om vir die IPW seël te kwalifiseer, mag die wyn slegs berei word van duiwe en/of bulkwyn wat deur IPW gesertifiseer is. Bykomend daartoe mag die wyn slegs gemaak en gebottel word in IPW gesertifiseerde kelder(s) en/of bottleringsfasiliteit(e) en alle voorgeskrewe rekordhouding moet bygehou word.

Hierdie riglyne is van toepassing op kelders en botteleringsfasiliteite. Waar daar na “kelders” verwys word in die teks, is dit ook van toepassing op botteleringsfasiliteite. Onthou om die IPW Handleiding te gebruik om die hoeveelheid punte te bepaal tydens die self-evaluasie vir elke riglyn. Die IPW Handleiding kan afgelaai word op www.ipw.co.za.

1 IPW OPLEIDING

Ten einde IPW suksesvol en doeltreffend te kan toepas, is 'n deeglike kennis van die beginsels betrokke nodig.

- Ten minste een verteenwoordiger van die kelder wat direk die produksie of wynmaak beheer, moet formeel aangestel word en moet gereeld 'n IPW-opleidingskursus bywoon. Hierdie verteenwoordiger moet verantwoordelik wees vir die voltooiing van die IPW self-evaluasie en moet teenwoordig wees (of ten minste beskikbaar wees) tydens die oudit deur die derdeparty ouditeure.
- Eksterne konsultante kan help met die bestuur van IPW deur middel van dokumentbeheer en rekordhouding. Tensy bevestig kan word dat die konsultant in 'n deurlopende besluitnemingsposisie in die wynkelder aangestel is en toepaslik opgelei is, mag die konsultant egter nie die verskaffer verteenwoordig of IPW-derdeparty-oudits namens die kelder fasiliteer nie.
- Alle kursusgangers sal 'n sertifikaat ontvang as bewys dat hulle 'n geakkrediteerde IPW-kursus voltooi het wat vir vyf jaar geldig is (sien puntetelling in die IPW handleiding). 'n Geakkrediteerde IPW kursus moet elke drie jaar bygewoon word om vir volpunte te kwalifiseer en om op hoogte van die veranderinge in die IPW riglyne te bly.
- Bykomend tot die sertifikaat, moet 'n deeglike kennis van die IPW beginsels gedemonstreer kan word deur die afgevaardigde van die kelder.

2 BESTUUR VAN KELDERPERSEEL

Die kelder moet 'n kaart (of Google Earth beeld) van die eiendom beskikbaar hê wat ten minste die volgende aandui:

- Keldergeboue
- Inkomende watertoevoerlyne
- Damme/boorgate/fonteine/riviere/vleilande/stormwater-roetes op die eiendom
- Afvalwaterlyne en –behandelingsstelsel
- Afvalwater opgaardam(me) (indien van toepassing)
- Area waar afvalwater besproei word (indien van toepassing) of weggedoen word (bv. Munisipale rioolstelsel)
- Relevante rioolstelsel(s) (bv. septiese tenke en syferrioelstelsels, aansluiting by Munisipale riool, ens.)
- Komposhoop

Die kelder moet ook die volgende dokumentasie beskikbaar hê:

- Bouplanne wat deur die Munisipaliteit goedgekeur is en/of 'n okkupasie sertifikaat uitgereik deur die Munisipaliteit moet beskikbaar wees vir alle nuwe konstruksies of uitbreidings vanaf die vorige oudit. Indien van toepassing, bevestiging (bv. “Record of Decision” (RoD) of “environmental authorisation”) van Departement Bosbou, Visserye en Omgewingsake) dat

oprigting of vergroting van die kelder/botteleringsfasiliteit volgens alle relevante omgewingswetgewing plaasgevind het.

- Soneringsertifikaat uitgereik deur die plaaslike munisipaliteit om aan te dui dat die perseel waarop die kelder geleë is, gesoneer is as Landbou-Industriële / Industriële, of dat 'n kelder toegelaat word onder die huidige sonering van die perseel. Waar kelders op plase geleë is, moet die toepaslike grond hersoneer word van Landbou (Landbou I) na Landbou-Industriële (Landbou II) indien so vereis deur die munisipaliteit. Indien kelders in 'n industriële area van 'n dorp geleë is, moet dit ook bevestig word deur 'n soneringsertifikaat.
- 'n Geskiktheidsertifikaat vir 'n Voedselperseel (Regulasie 638) moet beskikbaar wees soos aangedui in die Goewermentskennisgewing No. (GN) 638 van 22 Junie 2018.
- 'n Bewys as bevestiging dat water wat in die kelder gebruik word, geregistreer is by die relevante owerheid vir die toepaslike gebruik (industriële gebruik). Boorgate, rivieronttrekkings, fontein-onttrekking, ens. moet geregistreer wees by die Departement Water en Sanitasie (DWS) soos vereis deur GN 538 van 2 September 2016.
- Die onttrekking en stoor van water moet voldoen aan Artikel 22 van die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet No. 36 van 1998). Watergebruik kan gemagtig word deur middel van 'n Bestaande Wettige Gebruiksverklaring, Skedule 1 gebruik, Algemene Magtiging of 'n Waterlisensie uitgereik deur DWS. Waar die watergebruik toegestaan word deur 'n Algemene Magtiging, moet dit voldoen aan die Algemene Magtiging soos gepubliseer in GN 538 van 2 September 2019.
- Indien munisipale water gebruik word, moet bewyse beskikbaar wees in die vorm van munisipale rekeninge. Sommige munisipaliteite vereis ook dat boorgate by die munisipaliteit geregistreer moet wees (indien van toepassing).
- 'n Watermeter (vloeiometer) moet op elke toevoerlyn na die kelder geïnstalleer word en lesings moet weekliks geneem word (verwys ook na Riglyn 9.1).
- 'n Onlangse volledige chemiese en mikrobiologiese ontleding van die water wat in die kelder gebruik word, moet beskikbaar wees. Watermonsters moet geneem word soos voorgeskryf deur SANS 5667-5: 2020. Ontledings moet ten minste een keer elke twaalf maande deur 'n geakkrediteerde laboratorium uitgevoer word om te bepaal of die water aan **die** SANS 241-1: 2015 Drinkwaterstandaard voldoen.
Die SANS 241-1: 2015 standaard kan aangekoop word op die webtuiste <https://store.sabs.co.za/catalog/product/view/id/2135761/s/sans-241-1-2015-ed-2-00-2/>.
- Die metode van rioolwegdoening moet aandui word, bv. wegdoening in die munisipale riool, septiese tenk met syfelrioel, geslote septiese tenk ("conservancy tank"), rioolverwydering deur 'n kontrakteur/munisipaliteit, behandelingsstelsel, ens. Vir direkte storting in die munisipale rioolstelsel of verwydering deur die munisipaliteit moet munisipale fakture/dokumentasie beskikbaar wees ter bevestiging. Indien 'n buite maatskappy verantwoordelik is vir verwydering/storting van riool, moet genoegsame dokumentasie beskikbaar wees ter bevestiging van verwydering en veilige en wettige wegdoening van die riool.

3 Kwaliteit & Temperatuur van Inkomende Druive (nie op botteleringsfasiliteite van toepassing nie)

Rekords moet gehou word van die vrotpersentasies en temperature van elke vrug druive wat deur die kelder ontvang word.

Vrot of siek druive moet verkieslik nie gebruik word vir die maak van IPW wyne nie, behalwe in die geval van *Botrytis*-infeksie vir die produksie van Spesiale Laatoes-wyn en Edellaatoes-wyn. Hoe meer vrot druive ingeneem word, hoe meer energie asook swaweldioksied moet gebruik word om steeds kwaliteit wyne te kan produseer. Minder as 5% vrot druive word as goed bestempel, maar meer as 20% vrot druive word as swak geëvalueer.

Tydens hand- en meganiese oes moet maksimum beskerming van druive gehandhaaf word sodat gehalte nie benadeel word nie. Om kwaliteit te behou, moet druive by die laagste moontlike temperatuur geoes word en staantyd moet so kort as moontlik gehou word. In geval van meganiese oes moet die masjien so ingestel word dat druive so min as moontlik beskadig word en dat sapverlies asook materiaal anders as druive ("MOG") tot 'n minimum beperk word.

Indien druive oor lang afstande vervoer word, moet alle moontlike voorsorgmaatreëls getref word om oksidasie te beperk. Tydens vervoer na die kelder moet die druive nie in aanraking kom met stowwe wat nie vir gebruik op druive in 'n IPW-program geregistreer is nie (bv. plaagdoders) of enige ander stowwe wat druive kan kontamineer (bv. kunsmis, olies en smeermiddels). Bakke van sleepwaens of vragmotors moet of bestaan uit of bedek wees met voedselgraad inerte materiaal. Die kelder moet temperatuurmetings neem van elke druivevrug wat ingeneem word. Indien alle druivevragte vir wyne onder 25°C by die kelder opdaag, word dit as goed bestempel,

maar indien daar warm vragte bo 30°C ingeneem word, word dit as swak geëvalueer. Indien druiwe verkoel word by die kelder voor verwerking, moet die temperature geneem word by inname voor druiwe verkoel word.

4 ENERGIEVERBRUIK EN KOOLSTOFVOETSPoor

Klimaatverandering is waarskynlik die belangrikste omgewingsaspek wat tans in die wêreld ondersoek word. Daar is al hoe meer druk vanuit internasionale markte om die omgewingsimpak van die produksie van wyn, gebaseer op die impak op aardverwarming, in ag te neem as deel van hulle aankoopstrategie. Aardverwarming en die langtermyn gevolge wat dit vir landbou inhou, gaan almal nadelig beïnvloed as gevolg van kweekhuiskasse, insluitende koolstofdiksied (CO₂) en metaan (CH₄), wat in die atmosfeer vrygestel word. Vir verslagdoeningsdoeleindes word al hierdie vrystellings in ton CO₂ ekwivalente eenhede uitgedruk (ton CO₂e).

Verskeie kelderaktiwiteite dra by tot die vrystelling kweekhuiskasse / CO₂e-vrystellings, waarvan die grootste bydrae afkomstig is van die verbranding van fossielbrandstowwe wat direk vir vervoer gebruik word en indirek deur ESKOM gebruik word vir die opwekking van elektrisiteit. Om te verseker dat kelders hul CO₂e-vrystellings verlaag, moet verskeie rekords gehou word om die status van van elke kelderaktiwiteit te bepaal sodat doelwitte ter konstante verbetering gestel kan word.

4.1 Energieverbruik

Die kelder (insluitend die plaas waar van toepassing en indien dit so verkies word) moet rekord hou van maandelikse verbruik van elke energiebron van toepassing op kelderaktiwiteite. Hierdie rekords moet opgesom word in tabelvorm om die hoeveelheid van elke energiebron wat per maand gebruik word, aan te dui. Opsommings vir ten minste twee opeenvolgende jare moet beskikbaar wees vir vergelyking (kalenderjaar of finansiële jaar kan gebruik word). Om die berekening van die koolstofvoetspoor moontlik te maak asook deurlopende verlaging van energieverbruik te bewerkstellig, moet die volgende rekords in die toepaslike genoemde eenhede gehou word:

- Elektrisiteitsverbruik (kWh)
- Diesilverbruik (Liters)
- Petrolverbruik (Liters)
- Vloeibare Petroleum Gas (LPG) (kg)
- Ander brandstowwe (bv. steenkool, verhittingsolie, ens.) (kg of Liter)

Hierdie riglyn word geëvalueer op grond van beskikbaarheid van rekords en nie die hoeveelheid energie wat verbruik word nie. Bogenoemde rekords moet ook by kleiner kelders beskikbaar wees.

Nota: Vervoer van druiwe na die kelder:

- Die vervoer van druiwe vanaf 'n plaas na 'n kelder word gemeet as deel van die plaas se koolstofvoetspoor. Selfs wanneer die kelder die vervoer van druiwe reël en daarvoor betaal, word die koolstofvoetspoor altyd bereken as deel van die plaas se koolstofvoetspoor.
- Die vervoer van wyn of sap van een kelder na 'n ander kelder word in 'n aparte veld in die koolstof-berekening ingevoer, naamlik as "Distribution after winery gate". ingevoer. Onthou dat hierdie nie die berekening is vir verspreiding na die mark nie.
- Vervoer van wyn vanaf 'n kelder na 'n bottelingsfasiliteit moet ook in die bogenoemde "Distribution after winery gate" afdeling ingevoer word.
- Vir die vervoer van wyn vanaf kelders of bottelingsfasiliteite na die mark, word afsonderlike rekords onder "Distribution" gehou. Kontrakteurs word meestal hiervoor gebruik en dit is dikwels buite die direkte beheer van die kelder.

Om op te som:

- Plase hou altyd rekord van die vervoer van druiwe na die kelder.
- Kelders hou altyd rekords van vervoer na ander kelders of na bottelingsfasiliteite.

4.2 Koolstofvoetspoorberekening

Kelders en bottelleerders (insluitend die plaas indien van toepassing) moet hulle koolstofvoetspoor bereken deur middel van die internasionaal erkende Confronting Climate Change (CCC) protokol en koolstofvoetspoorberekening. Die “Confronting Climate Change” projek (www.climatefruitandwine.co.za) was gedeeltelik deur die wynindustrie gefinansier via Winetech en was spesifiek van stapel gestuur om ‘n metodologie te ontwikkel om wynprodusente se koolstofvoetspoor te bepaal en om ‘n Suid-Afrikaanse industriemaatstaf (“benchmark”) te ontwikkel. Hierdie koolstofvoetspoormodel is onafhanklik geoudit deur die “Carbon Trust” wat die model as ‘n betroubare en kredietwaardige hulpbron beskou, en wat deur besighede in die voorsieningsketting van die Suid-Afrikaanse vrugte- en wynindustrie gebruik kan word om hul koolstofvoetspoor te bepaal. Rolspelers in die wynindustrie word daarom aangemoedig om van hierdie model gebruik te maak.

Om die berekening moontlik te maak is rekords noodsaaklik (verwys ook na Riglyne 4.1, 9.1, 11 en 13). Daar kan van kalender-, produksie of finansiële jare gebruik gemaak word in die berekening. Verkieslik moet die koolstofvoetspoor vir ten minste drie opeenvolgende jare bereken word om seisoensverskille uit te skakel, en om en vas te stel of die entiteit se koolstofvoetspoor neig om te vermeerder, verminder, of min of meer konstant bly. Indien die koolstofvoetspoor progressief toeneem, moet dit verklaar kan word. Elke plaas en/of kelder word net met homself vergelyk.

‘n Bestuursplan moet opgestel word om te verseker dat die koolstofvoetspoor verlaag word waar moontlik deur te verwys na die brandpunte soos uitgewys deur die koolstofvoetspoorverslae. Die bedryfsmaatstawwe (“benchmarks”) wat in die verslae ingesluit is kan gebruik word as riglyn om doelwitte vir verbetering te stel na gelang van die resultate en die plaas en/of kelder se omstandighede. Dit word ten sterkste aangeraai dat die plan deur die CCC span nagegaan word.

5 GEBRUIK EN ONDERHOUD VAN INFRASTRUKTUUR EN TOERUSTING

- Toerusting moet met inerte materiaal bedek wees of van vlekvrige staal of ander inerte materiaal vervaardig wees om kontaminasie van wyn te voorkom en om skoonmaak te vergemaklik (bv. vry van krakies).
- Slegs voedselgraad smeermiddels mag gebruik word.
- Vloere moet vry wees van krakies, vrye dreinerings toelaat en deurlopend skoongehou word.
- Stoor- en verpakkingsareas moet onderhou word om toegang van peste en plaas te beheer en ‘n plaagbestuurplan moet in plek wees. Lokaasstasies moet duidelik gemerk word. Die posisies van die lokaasstasies moet ook aangedui word op ‘n vloerplan van die kelder. Rekords moet gehou word van plaagaktiwiteit en plasing van lokaas.
- Wasgeriewe met toilette, wasbakke, seep, warm water (55°C) of hand-ontsmettingsmiddel “hand sanitizer” moet vir personeel beskikbaar wees. Hierdie fasiliteite moet goed belug wees.
- Die kelder en stoorfasiliteite moet ook goed belug wees om opbou van humiditeit, hitte, CO₂ en ander ongewenste toestande te voorkom.
- Effektiewe beligting moet in plek wees om te verseker dat alle toerusting veilig hanteer kan word en maklik skoongemaak kan word.
- Geen kwik-termometers word in tenke toegelaat nie en alkohol- of digitale termometers word verkies.
- Alle waterpype, oorpomppluise en wynpype moet op so ‘n wyse gestoor word dat vrye dreinerings kan plaasvind. Voor gebruik moet dit met drinkwater uitgespoel word.
- ‘n Skedule vir onderhoud van infrastruktuur en toerusting moet in plek wees om die integriteit en kalibrasies daarvan te verseker en om voedselveiligheidsrisiko’s te voorkom. Kleiner kelders kan fakture vir herstelwerk en dienste gebruik as bewyse.

6 SO₂-VLAKKE (nie van toepassing waar slegs bulkwyne gemaak word nie of geen bottelery plaasvind onder die kelder se SAWIS nommer nie)

SO₂-toedienings voor en na gisting word algemeen gebruik om wyn te preserveer. Evaluasie ten opsigte van totale SO₂-vlakke van verpakte wyn word in Bylae 5A gegee. Aangesien nog byvoegings en/of versnitte gemaak kan word nadat bulkwyn gelewer is, word die kelder/instansie wat die wyn finaal bottelleer/verpak, gemeet teen die totale SO₂-vlak van die verpakte wyn (en nie die oorspronklike produsent van die bulkwyn nie).

7 HANTERING VAN VOEDSELGRAADCHEMIKALIEË

7.1 Stowwe by wyn gevoeg

Gebruik natuurlike afsakmiddels, filtreerhulpmiddels, breimiddels en ander wynbyvoegmiddels wat omgewingsvriendelik en vry van enige geneties gemanipuleerde materiaal (GMO) is. Sertifikate om te bewys dat alle relevante middels GMO-vry is, moet beskikbaar wees. Alleenlik wettige middels soos aangedui in die “*Liquor Products Act, 1989 (Act No. 60 of 1989)*”, mag gebruik word (verwys na Tabel 6 van die regulasies, verkry op die webtuiste <https://www.sawis.co.za/winelaw/southafrica.php>).

7.1.1 *Produkte wat moontlik GMO's kan bevat*

Onlangse sertifikate om te bewys dat alle relevante middels GMO-vry is, moet beskikbaar wees. Verwys ook na Riglyn 7.1.1 in die IPW Handleiding.

7.1.2 *Alle ander byvoegmiddels*

Alleenlik wettige middels soos aangedui in die “*Liquor Products, 1989 (Act No. 60 of 1989)*” mag gebruik word (verwys na Tabel 6 van die regulasies, verkry op die webtuiste <https://www.sawis.co.za/winelaw/southafrica.php>).

Slegs afsak- en breimiddels word in hierdie riglyn geëvalueer, aangesien die gebruik van die middels 'n negatiewe impak op die omgewing kan hê as gevolg van die storting van die gebruikte materiale wat die omgewing kan besoedel. Verwys na Riglyn 7.1.2 en Bylae 5B in die IPW Handleiding.

7.1.3 *Filtrering van wyn*

Die gebruik van filtermateriaal kan 'n negatiewe impak op die omgewing hê: óf as gevolg van die impak van die myn van bv. bentoniet of diatoomaarde, óf as gevolg van die storting van die gebruikte materiale wat gefilterde organiese materiaal bevat wat kan loos uit die filtermateriaal en die omgewing besoedel. Verwys ook na Riglyn 7.1.3 en Bylae 5B in die IPW Handleiding.

7.2 Stoor en rekordhouding van chemikalieë

7.2.1 *Chemikalieë stoor*

Wynbyvoegmiddels en skoonmaakmiddels moet in aparte geslote voedselgraad store gehou word wat aan dieselfde basiese vereistes wat in die *Riglyne vir Verantwoordelike Gebruik van Plantbeskermings- en Dieregesondheidsprodukte* van AVCASA aangedui word, voldoen. Sien onderstaande skakel:

<https://winetech.co.za/guidelines-for-handling-storage-and-disposal-of-agrochemicals-in-the-south-african-wine-industry/>

Bogenoemde vereistes sluit goeie ventilasie, storting op palette (plastiekpalette of houtpalette bedek met 'n plastiese blad) en sluitbare deure in.

7.2.2 *Naspeurbaarheid*

Rekords wat die balans tussen aankoop en gebruik van alle produkte aandui moet beskikbaar wees (voorraad kontrolelys). Verder moet die lotnommers van alle produkte wat by elke wynlot gevoeg is aangeteken word vir naspeurbaarheidsdoeleindes. Rekords moet gehou word van alle byvoegings, insluitende die datum, hoeveelheid, lotnommer van produk bygevoeg, tenk en wynlot. Daar moet ook van tenkbewegings rekord gehou word om akkurate naspeurbaarheid te bewerkstellig. Elke produk se sertifikaat van analise (COA) soos deur die kelder ontvang saam met die produk moet beskikbaar wees. Die kelder moet ook verseker dat die “Material Safety Data Sheets (MSDS'e)” van al die produkte wat in die kelder gebruik word, geliasseer word.

8 VERKOELING

Verkoelingsisteme word beoordeel volgens die verkoelingsgas (bv. R22, R407C, ens.) en die afkoelingsmiddel (bv. propyleenglikol) wat gebruik word. Verkoelingsisteme behoort nie stowwe/ verkoelingsgasse te bevat wat skadelik vir die omgewing en atmosfeer is nie (verwys na Bylae 5C). Dit is belangrik dat verkoelingsisteme gereeld versien word om te verseker dat verkoelingsgasse nie uit die sisteem lek nie.

Verwys na GN No. 37621 van 8 Mei 2014 (<http://sawic.environment.gov.za/documents/3050.pdf>) vir die uitsluitingskredule van HCFC's (bv. R22). Toerusting wat HCFC's gebruik mag tans onderhou word, maar let daarop dat **die gebruik van HCFC's totaal verbied gaan word vanaf 2040**. Vanaf 1 Januarie 2040 mag geen persoon enige HCFC's invoer, verkoop op gebruik nie. 'n Persoon word ook verbied om HCFC's of enige verkoelingsgas of mengsel van verkoelingsgasse in suiwer vorm of as 'n komponent van gemengde verkoelingsgasse in die konstruksie, samevoeging of installasie van nuwe verkoelings- of lugversorgings- of toerusting te gebruik vanaf 1 Januarie 2015.

9 BESTUUR VAN AFVALWATER

Afvalwater word gedefinieer as alle water wat in die kelder gebruik en gegenereer word tydens prosesse soos die skoonmaak van tenke, pars- en keldertoerusting en vloere, asook wynmaakprosesse (bv. filtrasie, ionuutruiling, ens.), koeltoring-afbloeiwater en moontlik laboratoriumafvalwater.

Waar afvalwater op die kelderperseel of plaas weggedoen word:

- Die beheerliggaam vir water verwante kwessies is die Departement van Water en Sanitasie (DWS), asook die amptelike bestuursagentskap van die betrokke opvangsgebied ("Catchment Management Agency" of "CMA"), bv. die Breede-Gouritz CMA. DWS was voorheen bekend as die Department van Waterwese (DWA) en voor dit as the Department van Waterwese en Bosbou (DWAF).
- Tensy die watergebruik 'n Bestaande Wettige Gebruik is, of onder Skedule 1 val, of die produsent is in besit van 'n Waterlisensie uitgereik deur DWS, moet afvalwater bestuur word in terme van die DWS Algemene Magtiging ingevolge Artikel 39 van die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet No. 36 van 1998), soos gepubliseer in GN 665 op 6 September 2013 (https://www.gov.za/sites/default/files/gcis_document/201409/36820gon665.pdf).
- Die huidige Algemene Magtiging, soos gepubliseer in GN 665 van 6 September 2013, moes voor 6 September 2018 deur DWS hersien gewees het. Volgens GN 383 van 12 Julie 2019 is die voortgesette toepassing van Afdelings 21 (e), 21 (f), 21 (g), 21 (h) en 21 (j) van GN 665 van 6 September 2013, goedgekeur totdat die nuwe hersiende Algemene Magtiging vir afval verwante aktiwiteite gepubliseer word.
- Waar klein kelders minder as 1 kubieke meter (1 m^3 / 1 kL / 1 000 liter) afvalwater op enige gegewe dag (in nakoming van DWS Algemene Magtiging) in 'n septiese tenk en sytelriool wegdoen, kan maksimum punte vir Riglyne 9.3 tot 9.4 toegeken word mits die sytelriool stelsel geleë is buite enige van die water-beheerde area asook bo die 1 in 100 jaar vloedlyn of rivier habitat en/of alternatiewelik ten minste 100 meter vanaf 'n waterbron en/of ten minste 500 m van die radius van 'n boorgat wat vir drinkwater of veesuiping gebruik word en/of ten minste 500 m van die grens van 'n vleiland and op grond wat nie 'n aquifer is of bo 'n aquifer geleë is nie. Daar moet egter ook aan Riglyn 9.1 voldoen word (verkieslik deur daaglikse watermeterlesings te neem) om te kan bewys dat die volume water wat weggedoen word, wel minder is as 1 m^3 per dag is. Maandelikse kwaliteitsmonitering moet ook gedoen word.

Storting van kelderafvalwater direk in die munisipale rioollyn:

- Waar kelderafvalwater direk in 'n munisipale rioollyn gestort word, moet 'n formele ooreenkoms met die munisipaliteit beskikbaar wees (bv. industriële afval water permit) **asook** munisipale rekeninge/fakture vir die storting van industriële afvalwater, en om punte vir Riglyne 9.2 tot 9.4 te verdien.

Verwydering van kelderafvalwater deur die munisipaliteit of 'n diensverskaffer:

- Om punte vir Riglyn 9.3 te verdien moet die volgende rekords beskikbaar wees: Verwyderingsrekords/fakture moet die volume kelderafvalwater wat verwyder is bevestig (die volume riool wat verwyder word moet ook bevestig word indien van toepassing). In die geval moet 'n "waterbalans" beskikbaar wees wat bewys dat alle afvalwater wat gegeneer is gestoor en verwyder word (die volume water gebruik behoort ooreen te stem met die volume wat verwyder is).
- Om punte vir Riglyn 9.4 te verdien moet die volgende rekords beskikbaar wees: Waar afvalwater in tenke gestoor word vir verwydering deur die munisipaliteit of 'n ander diensverskaffer, moet daar 'n formele ooreenkoms met die munisipaliteit of diensverskaffer beskikbaar wees wat bevestig dat kelderafvalwater verwyder word (asook riool indien van toepassing). Indien 'n diensverskaffer gebruik word, moet 'n kopie van hul stortingspermit beskikbaar wees wat bevestig dat industriële afvalwater by 'n betrokke munisipale suiweringsaanleg gestort mag word deur die diensverskaffer.
- Indien daar nie bewys kan word dat alle kelderafvalwater gestoor en verwyder is nie, moet afvalwaterontledings gedoen word om die moontlike impak van afvalwaterstorting op die omgewing te bepaal (Riglyn 9.2).

9.1 Monitering van hoeveelheid afvalwater (kyk Bylae 5D)

- Volume rekords is verpligtend vir alle kelders en botterlingsfasiliteite.
- **LET WEL:** Waar afvalwater direk in die disposed of into the munisipale rioollyn gestort word sal maandelike rekords aanvaar word. **Vir alle ander afvalwatergebruike word daar van IPW produsente verwag om waterverbruik en afvalwatervolumes (indien gemeet) weekliks te moniteer.**
- Volgens DWS se Algemene Magtiging vir afvalwaterbestuur moet die hoeveelheid kelderafvalwater wat gebruik word vir besproeiing of rivierstorting weekliks aangeteken word en vir verdampingspanne moet rekords maandeliks gehou word. Alle rekords moet vir ouditdoeleindes gehou word.
- Waar ander fasiliteite en/of prosesse bydra tot die afvalwatervolume, moet die nodige volumerekords ook beskikbaar wees. Dit is dus belangrik dat effektiewe watermeter(s) in gebruik is. Dit is ook meestal toelaatbaar dat die effektiewe watermeter in die inkomende lyn geïnstalleer word indien dit bevestig kan word dat die volume water wat binne die kelder gebruik word, min of meer dieselfde sal wees as die hoeveelheid afvalwater, bv. verdampingsverkoeling word nie gebruik nie, reënwater loop nie in die afvalwater in nie, ens. Indien DWS egter vereis dat volumes afvalwater wat gegeneer word ook gemeet moet word, moet 'n afvalwatermeter bykomend geïnstalleer word.
- Dit is belangrik om te poog om ongekontamineerde reën- en stormwater so ver as moontlik van afvalwater te skei om sodoende die volume afvalwater wat bestuur moet word tot die minimum te beperk.

9.2 Monitering van afvalwaterkwaliteit (kyk Bylae 5D)

Volgens die DWS se Algemene Magtiging vir afvalwaterbestuur, moet afvalwater se kwaliteit maandeliks gemoniteer word voor stoor of wegdoening. Die chemiese samestelling van afvalwater gee 'n aanduiding of water potensiele omgewings- en/of sosiale impakte inhou wanneer dit besproei of in die natuur gestort word. Sap, wyn en moer wat ook bronne is van organiese koolstof en anorganiese komponente soos soute, sure, vaste deeltjies en skoonmaak middels, kan gedurende die oes-periode in die afvalstroom beland en dit verder kontamineer. Watermonsters moet geneem word soos voorgeskryf deur SANS 5667-10: 2020.

Die meeste kelders stoor of doen voorafbehandeling van hul afvalwater voordat dit besproei/gestort word. Die volgende prosedure behoort gevolg te word om verteenwoordigende monsters van die afvalwater te neem:

- Monster die afvalwater op min of meer dieselfde datum elke maand.
- Monsters moet minstens geneem word op die punt van besproeiing/wegdoening. DWS vereis ook gewoonlik dat afvalwaterkwaliteit maandeliks gemonster moet word na behandeling, voordat afvalwater die afvalwater/besproeiingsdam binnegaan.

- 'n Saamgestelde monster moet geneem word (in plaas van 'n grypmonster) wat opgemaak word deur gelyke hoeveelhede van ten minste 5 monsters geneem op gereelde tye deur die loop van die dag, bv. elke 1.5 uur.
- Monster ten minste 1.5 L afvalwater in 'n glashouer en stoor onder 4°C, of soos voorgestel deur die chemiese laboratorium wat die ontledings uitvoer. Die monster moet binne 48 uur na die neem daarvan ontleed word.
- Vermoed monsterneming tydens periodes van baie lae invloei of na verdunning met reën- of stormwater.
- Kelderaktiwiteite wat op die tydstip van monsterneming plaasvind, moet aangeteken word, veral wanneer die totale volume by die versamelpunt oorheers word deur slegs een of twee prosesse.

Afvalwater moet vir die volgende parameters deur 'n SANAS geakkrediteerde laboratorium (die laboratorium moet SANAS geakkrediteer wees vir elke parameter) ontleed word, asook ander ontledings indien DWS dit vereis, afhangend van die eindgebruik:

Vir besproeiing, verdamping en wegdoening van afvalwater in 'n syferriool, asook behandelde afvalwater voor die stoor daarvan moet die volgende ontledings gedoen word:

- Elektriese geleidingsvermoë (EC)
- pH
- Chemiese suurstof behoefte (COD)
- Natrium adsorpsie vermoë (NAV)
- Kalium (K)
- Fekale kolivorme

Vir rivierwegdoening en besproeiing gedurende die wintermaande of reënval moet die volgende ontledings gedoen word:

- Elektriese geleidingsvermoë (EC)
- pH
- Chemiese suurstof behoefte (COD)
- Natrium adsorpsie vermoë (NAV)
- Kalium (K)
- Fekale kolivorme
- Ammonium (geïoniseer en ongeïoniseer as N)
- Nitraat/nitriet as N
- Vry chloor
- Gesuspendeerde soliede deeltjies
- Orto-fosfaat as P
- Fluoried
- Seep, olie en ghries

Indien enige addisionele analyses deur DWS vereis word, moet dit ook ingesluit word by die afvalwaterontleding.

9.3 Opberging van afvalwater (kyk Bylae 5D)

'n Wetenskaplike studie of afvalwaterbestuursplan moet saamgestel word om die relevante afvalwater-, grond- en gewas- (indien van toepassing), klimaat- en omgewingsaspekte te ondersoek ten einde 'n volhoubare eindgebruik van die afvalwater te implementeer en te verseker dat daar aan alle relevante wetgewing voldoen word. Hierdie studie sal die keldermeester/wynmaker van hulp wees om die volgende te verseker:

- Die afvalwater moet van storm- en reënwater geskei word.
- Pyplyne en slote vir afvoer van afvalwater moet die maksimum volume op enige tydstip kan hanteer en moet van goeie gehalte ondeurdringbare materiaal vervaardig wees om lekkasies te voorkom.
- Die opgaardamme vir afvalwater moet die maksimum volume afvalwater op enige tydstip kan hanteer en genoeg ruimte vir moontlike onverwagte hoeveelhede afvalwater moet toegelaat word.

- Opgaardamme moet groot genoeg wees sodat genoeg tyd kan verloop om die vaste stowwe te laat uitsak, en sodat afbreek van organiese materiaal kan plaasvind voordat die water uitgelaat of besproei word.
- Opgaardamme moet groot genoeg wees om alle afvalwater te stoor wat tydens nat maande gegenereer word. Besproeiing mag nie tydens nat toestande plaasvind nie om 'n potensiele omgewingsrisiko weens oorbesproeiing te minimaliseer. Veral in verdampingsdamsisteme moet daar ook in aanmerking geneem word dat die verdamping minder kan wees as die somtotaal van reënval en die volume kelderafvalwater wat gegenereer word.
- Opgaardamme moet só geleë wees dat storm- en reënwater nie daarmee in aanraking kan kom nie. Die hele afvalwaterstelsel (bv. vore en damme) moet belyn wees om te verseker dat alle afvalwater in 'n geslote stelsel is en die risiko van besoedeling so laag moontlik te hou.
- Besproeiingstelsels moet ontwerp wees om lekkasies te voorkom. Besproeiing moet oorhoofs plaasvind deur middel van 'n skuifbare lyn om sodoende oorbesproeiing te voorkom. Let op dat vloedbesproeiing gesien kan word as stormwaterwegdoening deur DWS en word daarom nie toegelaat nie, tensy afvalwaterkwaliteit voldoen aan die rivierstandaarde (Spesiale Limiet of Algemene Limiet afhangende van die ligging van die area van wegdoening).
- 'n Grondstudie moet gedoen word deur 'n professionele (bv. SACNASP geregistreerde) grondkundige om te bepaal of die grond en gewas geskik is vir beproeiing met afvalwater, en die bekikbare area groot genoeg is om oorbesproeiing te voorkom en om 'n volhoubare praktyd te verseker.
- Grondmonsters van die besproeide grond moet op 'n jaarlikse basis geneem word en vergelyk word met kontrole grondmonsters om te bepaal of die gronde nie agteruitgaan weens besproeiing met afvalwater nie. Die monsters moet geneem word en ontledings moet geïnterpreteer word deur 'n professionele (bv. SACNASP geregistreerde) grondkundige.
- Ontledings moet deur 'n SANAS geakkrediteerde laboratorium gedoen word.

Waar die kelder egter wettig afvalwater in 'n sytelriool wegdoen en kan bewys dat minder as 1 m³ op enige gegewe dag per titelakte so weggedoen word, is 'n wetenskaplike studie nie verpligtend nie. Let op dat die sytelrioolstelsel nie geleë is in enige van die ondergrondse water-beheerde areas nie en moet geleë wees bo die 1 in 100 jaar vloedlyn of rivier habitat en/of alternatiewelik ten minste 100 meter vanaf 'n waterbron en/of ten minste 500 m van die radius van 'n boorgat wat vir drinkwater of veesuiping gebruik word en/of ten minste 500 m van die grens van 'n vleiland and op grond wat nie 'n aquifer is of bo 'n aquifer geleë is nie.

9.4 Wegdoening van afvalwater (kyk Bylae 5D)

Afvalwater wegdoening op enige perseel word beheer deur die Department van Water en Sanitasie (DWS) en moet bestuur word in terme van Seksie 22 van die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet No. 36 van 1998).

A: Afvalwater weggedoening op die kelderperseel of plaas

- Watergebruike kan gemagtig word deur 'n Bestaande Wettige Gebruiksbevestiging (bv. dokumentasie uitgereik deur die DWS voor promulgering van die Nasionale Waterwet No. 36 van 1998), Skedule 1 gebruik, Algemene Magtiging of Waterlisensie. Waar 'n Algemene Magtiging van toepassing is moet afvalwater bestuur word volgens die gepromulgeerde Algemene Magtiging soos gepubliseer in GN 665 van 6 September 2013.
- Die Algemene Magtiing moes voor 6 September 2018 hersien word, maar volgens GN 383 van 12 Julie 2019 sal die Algemene Magtigting soos gepubliseer in GN 665 van 6 September 2013 van krag bly tot die hersiende weergawe gepubliseer word. Die nuwe weergawe van die Algeneme Magtigting was steeds nie gepubliseer ten tyde van die hiersing van die IPW Riglyne in Augustus 2022 nie.
- Die eindgebruike van afvalwater word in verskillende afdelings in die Nasional Waterwet, 1998 (Wet No. 36 van 1998; Seksie 22), asook die Algemene Magtigting gedek. Verwys na die webskakel
https://www.gov.za/sites/default/files/gcis_document/201409/36820gon665.pdf:
 - Besproeiing: Afdeling 21(e)
 - Wegdoening in 'n river: Afdeling 21(f)
 - Verdamping, wegdoening in 'n sytelriool en stoor van afvalwater: Afdeling 21(g)

- Aansoek om magtiging en registrasie word aanlyn ingedien op die webtuiste <https://www.dws.gov.za/ewulaas/WUL.aspx>. Algemene Magtiging mag formeel deur die DWS of "Cathment Management Agency" bevestig word, maar indien die kelder nie in besit is van 'n formele dokument nie, moet daar steeds aan al die vereistes van die Algemene Magtiging soos gepubliseer in GN 665 van 6 September 2013 voldoen word. Indien daar nie aan al die voorwaardes van die DWS Algemene Magtiging voldoen kan word nie, sal die eienaar vir 'n lisensie moet aansoek doen by DWS vir die eindgebruik van afvalwater.

Die volgende afvalwatergebruike moet by DWS registreer word:

a) Afvalwatervolumes:

- Enige volume afvalwater wat per dag/jaar op 'n titelakte besproei word moet geregistreer word in terme van Afdeling 21(e).
- Die volume afval water wat dag/jaar per titelakte verdamp word, indien meer as 50 m³ afvalwater per dag weggedoen word, moet geregistreer word in terme van Afdeling 21(g).
- Enige volume afvalwater wat in 'n natuurlike waterhulpbron per dag/jaar weggedoen word moet geregistreer word in terme van Afdeling 21(f).

Waar afvalwater egter wettig in 'n sytelriool wegdoen word en bewys kan word dat minder as 1 m³ op enige gegewe dag so weggedoen word, hoef die kelder nie die afvalwater by DWS te registreer nie.

b) Opberging van afvalwater in terme van die DWS Algemene Magtiging moet geregistreer word in terme van Afdeling 21(g) indien-

- Meer as 500 m³ afvalwater vir **hergebruik** (as deel van die produksie prosesse) opgegaar word op enige dag, moet dit geregistreer word (maksimum van 5 000 m³ sal toegelaat word) volgens die DWS Algemene Magtiging.
- Meer as 1 000 m³ afvalwater opgegaar word vir **wegdoening** (bv. voordelige besproeiing, verdamping of wegdoening in natuurlike waterbron) op enige dag (tot 'n maksimum van 10 000 m³/eiendom of 50 000 m³/afvalwaterdamstelsel), moet daar as watergebruiker by DWS geregistreer word.
- Enige dam (insluitende skoon water en verdampingspanne) wat meer as 50 000 m³ water kan hou en waarvan die wal 'n vertikale hoogte van meer as 5 meter het, is as 'n dam met 'n veiligheidsrisiko verklaar. So 'n dam moet 'n lisensie kry by DWS, onderhewig aan verskeie beheermaatreëls wat bestaan vir die oprigting en onderhoud van so 'n dam. 'n Dam wat meer as 10 000 m³ skoon water kan hou, moet geregistreer word by DWS.

B: Afvalwater ontvang deur derde party

Indien afvalwater direk in die munisipale rioolyn gestort word, word die volgende dokumentasie benodig tydens die audit:

- Munisipale toestemming of permit vir stort van kelderafvalwater (bv. "Industrial Effluent Permit")
- Kwaliteitsmonitering is in hierdie geval nie verpligtend nie, afhangend van die voorwaardes van die munisipaliteit.
- Enige dokumentasie rakende afvalwater wegdoening moet beskikbaar wees tydens die audit, bv. fakture wat wegdoening bevestig, boetes gehef in geval van oortredings, verslae soos vereis deur die munisipaliteit, ens.

Indien afvalwater verwyder word deur die munisipaliteit of 'n diensverskaffer, moet die volgende dokumentasie beskikbaar wees:

- Verwydering deur die munisipaliteit: Munisipale toestemming vir verwydering van kelderafvalwater van die perseel met of sonder riool (brief, permit).
- Verwydering deur 'n diensverskaffer: Munisipale toestemming vir wegdoening van kelderafvalwater, insluitend riool indien van toepassing (bv. brief of permit).

- Waterbalans: Monitoringsrekords moet die volume kelderafvalwater wat gegenereer word bevestig (verwys na Riglyn 9.1). Rekords moet die verwydering van kelderafvalwater en riool bevestig (indien van toepassing), nl. datums, dokumentnommers en volume van elk verwyder. Die waterbalans moet bevestig dat die totale volume afvalwater gegenereer gelyk is aan die volume wat verwyder is, en dat geen storting in die omgewing plaasgevind het nie.
- Kwaliteitsmonitering is in hierdie geval nie verpligtend nie, afhangend van die voorwaardes van die munisipaliteit EN dat bevestig kan word dat geen storting in die omgewing plaasgevind het nie.

Indien afvalwater op 'n ander eiendom weggedoen word:

- 'n Formele ooreenkoms moet gesluit word tussen die partye wat bydrae tot die afvalwater volume en die eienaar van die perseel waar die afvalwater weggedoen word. Die ooreenkoms moet die verantwoordelikhede van elke party aanspreek in terme van die volume and kwaliteit van afvalwater wat weggedoen mag word op die naburige eiendom; details rondom die stoor end wegdoening van die afvalwater (bv. beskikbare stoorkapasiteit, die area en gewas wat met afvalwater besproei word, ens.); die party wat verantwoordelik is vir volume- en kwaliteitsmonitering op die finale punt van wegdoening/besproeiing; die party wat verantwoordelik is vir grondontledings van die afvalwaterbesproeide area; 'n noodprosedure indien afvalwaterkwaliteit nie aan die wetlike vereistes voldoen op die punt van besproeiing/wegdoening nie; kommunikasie met DWS/BGMA ane/of magtiging vir die afvalwater gebruike (dit is gewoonlik die verantwoordelikheid van die eienaar van die eiendom waar afvalwater gestoor en weggedoen/besproei word); ens.

C: Algemene opmerkings oor bestuur van afvalwater:

- Aangesien onbehandelde afvalwater van onder andere wynkelders nie kwalifiseer vir wegdoening in natuurlike waterhulpbronne nie, en nie alle areas geskik is vir verdamping as eindgebruik nie, word dit ten sterkste aanbeveel dat afvalwater behandel of besproei word. Indien enige persoon afvalwater op enige gegewe dag wil besproei, moet hy/sy aan die bepalinge van Afdeling 21(e) van die DWS Algemene Magtiging voldoen. Hiervolgens mag tot en met 2 000 m³ afvalwater per dag besproei word (vir gewasproduksie, insluitende weiding) per titelakte, mits die afvalwaterkwaliteit voldoen aan die wetlike vereistes.

Afhangende van die volume afvalwater wat per enige gegewe dag per titelakte besproei word, is die volgende riglyne vervat onder Afdeling 21(e) van die DWS Algemene Magtiging (verwys ook na Bylae 5G):

Beproeiing van ≤ 50 m³ afvalwater per gegewe dag per titelakte:

- Die elektriese geleidingsvermoë (EC) op enige dag moet ≤ 200 mS/m wees
- pH moet tussen 6 en 9 wees
- Natrium adsorpsie vermoë (NAV) moet ≤ 5 wees
- Die chemiese suurstof behoefte (COD) moet ≤ 5 000 mg/l wees
- Fekale kolivorme moet ≤ 100 000 selle/100 ml wees

Beproeiing van ≤ 500 m³ afvalwater per gegewe dag per titelakte:

- Die elektriese geleidingsvermoë (EC) op enige dag moet ≤ 200 mS/m wees
- pH tussen 6 en 9 is
- Natrium adsorpsie vermoë (NAV) moet ≤ 5 wees
- Die chemiese suurstof behoefte (COD) moet ≤ 400 mg/l wees
- Fekale kolivorme moet ≤ 100 000 selle/100 ml wees

Beproeiing van ≤ 2 000 m³ afvalwater per gegewe dag:

- Die elektriese geleidingsvermoë (EC) moet op enige dag ≤ 70 mS/m bo inkomende water tot 'n maksimum van 150 mS/m wees
- pH moet tussen 5.5 en 9.5 wees
- Gesuspendeerde deeltjies moet ≤ 25 mg/L wees
- Vry chloor moet ≤ 0.25 mg/L wees
- Fluoried moet ≤ 1 mg/L wees
- Seep, olie en ghries moet ≤ 2.5 mg/L wees

- Die chemiese suurstof behoefte (COD) moet ≤ 75 mg/l wees
 - Fekale kolivormte moet $\leq 1\,000$ selle/100 ml wees
 - Ammonium (geïoniseerd en ongeïoniseerd) moet ≤ 3 mg/L wees
 - Nitriet/nitraat as stikstof moet ≤ 15 mg/L wees
 - Ortofosfaat as forfor moet ≤ 10 mg/L wees
- Afvalwater mag slegs gestoor, besproei of weggedoen word op 'n area geleë 50 m bokant die 100-jaar-vloedlyn/rivier habitat, of verder as 100 m van die rand van 'n waterhulpbron of verder as 500 m vanaf die radius van 'n boorgat wat vir drinkwater of veesuiping aangewend word, terwyl geen grondwater of oppervlakwater gekontamineer mag word nie. Afvalwaterbesproeiing mag ook nie plaasvind binne 'n 500 m radius vanaf 'n vleiland nie en ook nie op grond wat 'n hoof aquifer oorlê nie (word aangedui deur DWS).
 - Besproeiing mag nie tydens die nat maande, tydens of net na reënval, of op versadigde grond plaasvind nie.
 - Die gemagtigde gebruiker moet die hoeveelheid water wat besproei word weekliks en die gehalte maandeliks meet op die punt net voor dit besproei word. Skriftelike rekords van hierdie inligting moet vir inspeksie gehou word deur die betrokke outoriteit.
 - Die gebied van besproeiing moet aangetoon word op 'n topografiese kaart van toepaslike skaal en besonderhede van die gewasse onder besproeiing, besproeiingstegnieke en besonderhede van noodmaatreëls moet op rekord gehou word.
 - Versuiping of beskadiging van grond, voorkoms van vlieë en muskiete, slegte reuke, sekondêre besoedeling, binnedringing van enige waterhulpbronne en ongemagtige gebruik van water deur lede van die publiek moet te alle tye voorkom word.
 - Soliede deeltjies moet so vinning moontlik na kontaminasie uit die afvalwater verwyder word (voordat besproeiing plaasvind) deur effektiewe sifwe te implementeer en moet doeltreffend en verantwoordelik van ontslae geraak word.
 - Storm- en reënwater wat afkomstig is vanaf die gebied van besproeiing moet versamel word sodat dit nie suiwer water kan kontamineer nie.
